

KONINKRYK

LES 10

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) **[STILTETYE]** **1 SAMUËL 15 -18**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (1 Samuël 15 - 18). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) **[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]** **(4) ROMEINE 2:15**

Herhaal twee aan twee.

(4) Romeine 2:15. Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hul harte geskrywe staan. Ook hul gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) **[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]** **ROMEINE 3:1-20**

Inleiding. In Romeine 1:18-32 toon Paulus aan dat *die heidene* God se toorn ervaar en dat hulle God se geregtigheid (vryspraak) nodig het. In Romeine 2:1-29 toon hy aan dat *ook die Jode* God se toorn vir hulleself opgaar en dat ook hulle God se geregtigheid nodig het. In Romeine 3:1-20 weerlê Paulus die teëwerpings van die Jode teen sy argumente en bevestig hy sy leer dat geen enkel heiden of Jood in God se oë regverdig is nie. Dit bewys hy vanuit die Bybel.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 3:1-20 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

3:1-8

Ontdekking 1. Paulus weerlê die Joodse bewerings dat die heidene in God se oë veroordeel (verdoem) is, maar die Jode nie.

Telkens wanneer Christene die waarheid verkondig, sal teëstanders met teëwerpings kom om te bewys dat die Christene fout is. So het die Jode die verkondiging van die evangelie van Paulus weerstaan en geprobeer om hom in die oë van die wêreld ongeloofwaardig te maak. Dit het die Jode al gedurende die Ou-Testamentiese periode teen die profete en gedurende die Nuwe-Testamentiese periode teen Jesus Christus gedoen.

Die oorheersende mening van die Jode was dat God die Jode vanaf die tyd van Abraham as sy volk uitverkore het. Hulle het geglo dat as die Jode hul verhouding tot God sou onderhou deur die wet en veral die liggaamlike te hou, hulle nooit soos die heidene veroordeel sou word nie (Matteus 3:9; Johannes 8:33)! Die Jode het geglo dat die ewige Koninkryk van God alleen aan Jode in die hele wêreld gegee sou word. Hulle het geglo dat die Koninkryk van God aan hulle gegee sou word ongeag hoe sondig en ongehoorsaam die Jode ook sou wees!

Jesus het al eerder hierdie voorstelling van die Jode weerlê in Matteus 8:11-12 toe Hy gesê het: Ek sê vir julle: Baie al van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die Koninkryk van die hemel,

Maar (letterlik:) die kinders van die Koninkryk (ANV: die mense vir wie die Koninkryk bedoel is), sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hul tande sal kners.” (sien ook Matteus 21:42-44).

Die apostel Paulus weerlê hierdie valse geloof van die Jode in Romeine 2:5 waar hy sê: “Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdigde oordeel sal uitspreek.”

Die Jode het heftig beswaar gemaak teen die argument van Paulus in Romeine 2 dat die Jode op die oordeelsdag saam met die heidene veroordeel (verdoem) sou word (Matteus 25:31-46). Die Jode het twee belangrike besware gehad:

- Hul eerste beswaar was dat God aan die Jode bepaalde voorregte gegee het wat Hy nie aan die heidene gegee het nie. Volgens die Jode het hierdie voorregte gegarandeer dat die Jode altyd God se volk sou wees en nooit deur God verwerp sou word nie.
- Hul tweede beswaar was dat God verplig was om sy verbondsbelofte aan die Jode trou te bewaar, ongeag hoe ontrou die Joodse volk ook al sou wees.

Maar die Heilige Gees het aan Paulus die wysheid gegee om hierdie besware van die ongelowige Jode te weerlê. Dis ’n bemoediging vir Christene dat hul teenstanders nie in staat is om die wysheid van die Gees waardeur hulle spreek, te weerstaan nie (Matteus 10:17-20; Handeling 6:9-10)!

3:9-20

Ontdekking 2. Paulus bewys uit die Ou Testament dat sowel die heidene as die Jode in God se oë veroordeel (verdoem) is.

Nadat Paulus die argumente van die Jode weerlê het, het hy sy betoog in Romeine 1:18 tot 3:8 beëindig met die gevolgtrekking dat met betrekking tot die regverdiging geen Jood ’n groter voordeel het as die heidene nie. Geen enkel mens geniet voorrang bo ’n ander mense nie. Alle mense is onderhewig aan die mag, verontreiniging en skuld van die sonde. Daarom is hulle tereg blootgestel aan die veroordeling (verdoemenis) van God (Romeine 3:9).

In Romeine 3:10-18 bewys Paulus vanuit die Bybel die universaliteit van die sonde. Hy haal ’n aantal baie bekende gedeeltes uit die Ou Testament aan om aan die Jode te bewys dat hul eie Heilige Boek hulle veroordeel. Die besware (teëweringe) van die Jode word die swye opgelê deur die gesaghebbende woorde van die God van die Bybel!

Paulus konkludeer dat die besondere openbaring van God in die Bybel gerig is op elke mens wat daarmee bekend is. Dit Dit snoer elke mond wat probeer om beswaar te maak teen sy eie sonde. Op die laaste oordeelsdag sal alle mense voor God se troon van oordeel staan en geoordeel word volgens hulle werke (dade). God sal hul verantwoordelik hou vir hul gedagtes, motiewe, houdings, planne, verhoudings en handeling. God sal geen enkel mens regverdig verklaar op basis van sy onderhouding van die wet nie! Die wet kan eenvoudig geen enkel mens regverdig (red. verlos) nie! Inteendeel, die wet maak alle mense meer bewus dat hulle sondaars is en God se geregtigheid nodig het. Die wet bring mense tot ’n punt dat hulle gaan besef dat hulle ’n verlosser nodig het!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 3:1-20 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

3:1-2

Vraag 1. Hoekom kan die voorregte wat God aan die volk van Israel gegee het geen garansie wees dat die Jode geregverdig sal word nie?

Aantekeninge.

In Romeine hoofstuk 2 trek Paulus die gevolgtrekking dat sowel die heidene as die Jode die oordeel van God nie kan ontloop nie! Hulle sal veroordeel word, maar nie op basis van hul voorregte nie, maar op basis van hul werke (dade) in ooreenstemming met hoeveel hulle van God se openbaring geweet het.

Die teëwering van die Jode was dat die gevolgtrekking van Paulus niet gerym het met die erkende voorregte wat God aan die natuurlike of nasionalistiese volk van Israel (die Joodse volk) gegee het nie. Die Jode was van mening dat alle voorregte wat God aan hulle gegee het ’n bewys was dat God hulle aangeneem het en hulle nooit sou verwerp nie.

Paulus stem saam dat die Jode baie voorregte van God ontvang het (Romeine 9:4-5; Efesiërs 2:11-12). Een van die grootste voorregte wat hulle ontvang het, was dat die woorde van God aan hulle toevertrou is (Romeine 3:2). Hierdie

woorde van God is later opgeteken om die Boek van die Wet en die Profete (d.w.s., die Ou Testament, sien Lukas 24:25-27,44-45; Johannes 5:45-47) te vorm (Romeine 3:21).

Maar Paulus bly staan op die feit dat al hierdie voorregte van die Jode nie hul regverdiging of verlossing garandeer nie! Byvoorbeeld, juis hierdie Boek van die Wet en die Profete veroordeel alle mense, ingeslote die Jode, omdat hulle onregverdig is (Romeine 3:10-18)! Daarom is die Jode ook onregverdig (nie vrygespreek, nie gered nie) en sal die Jode ook nie deur hulle voorregte en voordele geregverdig word nie! Geen enkel voorreg sal hulle kan beskerm teen God se toorn op die laaste oordeelsdag nie.

Later het Paulus verkondig dat sowel Jode as heidene alleen geregverdig *kan* word deur hul geloof in Jesus Christus (Romeine 3:22)!

3:3-4

Vraag 2. Hoekom kan God se trou geen garansie wees vir die Jode dat hulle geregverdig sal word nie?

Aantekeninge.

Die Jode het die gevolgtrekking van Paulus verwerp omdat dit in stryd sou wees met God se trou aan sy verbond met Israel. Die Jode was van mening dat God trou bly aan sy beloftes, *selfs as die volk van Israel ontrou aan God sou word*. Hulle het vasgehou aan 'n vals geloof dat God se trou aan sy beloftes garandeer het dat die Jode geregverdig sou word ongeag hoe groot die ontrou van die Jode ook al mag wees.

Paulus bly staan op die feit dat God se trou onaantasbaar bly. God se trou aan Israel en sy beloftes aan Israel mag nie en kan nie in twyfel getrek word nie!

Maar Israel se ontrou teenoor God (hul ongeloof en ongehoorsaamheid) mag wel onder die loep geneem word! Israel se ontrou is duidelik, omdat hulle hul nie gehou het aan die voorwaardes wat aan die beloftes gekoppel was nie (naamlik: geloof en gehoorsaamheid) (Hebreërs 4:1-2,6). Byvoorbeeld, in die Boek van die Wet en die Profete erken die grootste koning van die Joodse volk, koning Dawid, dat hy heeltemal onregverdig is. Hy veroordeel sy eie ongeregtigheid, sonde en oortredings, maar erken dat God regverdig is as Hy regsprek (Psalm 51:4-6)! Hierdie voorbeeld uit die Ou Testament bewys dat God altyd regverdig is, maar die Jode onregverdig is. God se verbond met Israel het twee voorwaardes gehad: om te glo en te gehoorsaam. God sou trou bly aan sy verbond solank Israel aan die twee voorwaardes van die verbond vasgehou het! Maar toe die Jode hul verantwoordelikheid om trou te bly aan God se verbond genegeer het, was God nie meer verplig om sy verbondsbelofte na te kom nie. Dit geld nog steeds!

3:5-8

Vraag 3. Hoekom kan God se geregtigheid geen garansie wees dat die Jode geregverdig sal word nie?

Aantekeninge.

Die Jode het ver wag dat hulle 'n uitsondering in die laaste oordeel sou wees op grond van 'n vals argument! Hulle het geredeneer dat hul ongeregtigheid (ANV: onregverdigheid) juis God se geregtigheid (ANV: regverdigheid) duideliker openbaar (heeltemal in die lig bring). Hoe groter hul ongeregtigheid, des te groter bewys hul ongeregtigheid God se geregtigheid (d.w.s., God se barmhartigheid, vergewing en trou aan sy belofte). Hoe groter die verskil tussen God se geregtigheid en hul ongeregtigheid, des te helderder skyn God se geregtigheid en kon mense sien hoe groot God se geregtigheid wel was! Hul tipiese menslike redenasie was dat as die valsheid en ongeregtigheid van die Jode die waarheid en geregtigheid van God groter maak, dan sou God onregverdig wees as Hy die Jode vir hulle ongeregtigheid sou veroordeel!

Paulus sê dat so 'n redenering nie alleen vals en verdorwe is nie, maar ook heeltemal onhoudbaar is. Dit is vals en verdorwe, omdat dit God net so onregverdig maak as die Jode. As God die ongeregtigheid van die Jode nie sou veroordeel en straf nie, dan sou God onregverdig wees en nie in staat wees om die Jode te oordeel nie.

Ook die onregverdige heidene sou dieselfde redenasie kan gebruik en God sou ook die heidene nie kon oordeel nie. So sou God niemand meer in die wêreld kon oordeel nie! Hierdie redenasie is verderflik en onhoudbaar, omdat dit 'n immorele leerstelling verkondig, naamlik dat: "Hoe meer mense kwaad doen, des te meer goed kom daaruit voort!" Of: "Hoe meer mense sondig, des te meer verheerlik hulle God!" Hoe sou God dan nog sondaars kon oordeel?

Die onderrig van Paulus dat mense gered (verlos, geregverdig) word uit genade en deur geloof en nie deur hul werke van die wet nie, beteken niet dat mense gered word ondanks hul volharding in goddeloosheid, ongeregtigheid en wetteloosheid nie. Jode wat redeneer dat hulle gered word ondanks hul goddeloosheid, ongeregtigheid en wetteloosheid verdien God se regverdige veroordeling (verdoemenis). Die Bybel sê, "Ellende wag vir (letterlik: wee hulle wat) sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis" (Jesaja 5:20). Alle menslike en godsdienstige redenasies wat lei tot immoreel gedrag is valse redenasies (leerstellings)!

3:9-18

Vraag 4. Hoe bewys Paulus dat sowel heidene as Jode in God se oë veroordeel (verdoem) is?

Aantekeninge.

(1) Die Bybel is die definitiewe gesag vir die leer (wat 'n Christen moet glo) en die lewe (hoe 'n Christen sig moet gedra).

Paulus se redenering in Romeine 1:18 tot 3:8 bevat die stelling dat alle heidene en alle Jode op volkome gelyke wyse sondaars is. Met betrekking tot die regverdiging het geen Jood 'n groter voordeel of voorreg as 'n heiden nie!

Hy bewys sy stelling deur 'n aantal aanhalings uit die Bybel. Hiermee toon hy aan dat die mening (geloof of oortuiging) van die Jode nooit belangriker is as wat DIE BYBEL hieroor sê nie! Die Bybel is die finale gesag vir die Christelike Leer (wat Christene moet glo) en vir die Christelike Lewe (hoe Christene hul moet gedra)! Niemand minder as God Self verkondig dat alle mense gesondig het. Alle mense sonder onderskeid staan onder die mag, verontreiniging, skuld en veroordeling (verdoemenis) van die sonde! Paulus haal bekende Bybelgedeeltes aan om aan die Jode te bewys dat hul eie Heilige Skrif hul veroordeel!

(2) Die ongeregtheid van mense is universeel.

Paulus haal Psalm 14:1-3 en Psalm 53:2-4 aan. “Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie!” Daar is niemand wat verstandig genoeg is om God se waarheid of sy eie betreuenswaardige toestand sonder die openbaring in die Bybel te kan begryp nie. Daar is niemand wat van nature of deur sy eie wysheid en krag God kan ken, aanbid en dien nie. Die natuurlike mens draai weg van die God van die Bybel en vermy die pad wat na God lei. “Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard.” Almal het moreel verdorwe geword. Daar is geen enkel mens in die wêreld wat goed doen nie in die sin wat God goed noem nie (sien Lukas 18:19). Alle sogenaamde “regverdige daede” van die natuurlike mens of die godsdienstige mens is “soos vuil klere” (Jesaja 64:6) en onvoldoende om God se regverdige toorn teen sy sonde weg te neem. Op die laaste oordeelsdag sal die godsdienstige werke van 'n godsdienstige mens of die goeie werke van 'n natuurlike mens ('n humanis) nie in staat wees om die weegskaal van God se oordeel in sy voordeel te laat omslaan nie! Dus, die Bybel bewys dat die geestelike en morele verdorwenheid van die mens universeel is.

(3) Die woorde van mense bewys hul onregverdigheid.

Paulus haal Psalm 5:10, 10:7 en 140:4 aan. En tog is daar altyd weer mense wat beswaar maak en volhou dat hulle nie sondaars is nie en ook nie immoreel en verdorwe is nie. Hulle sê dat hulle nie sondaars is nie, omdat hulle niemand dood maak nie, nie egbreek pleeg nie en nie steel nie! Maar Paulus illustreer die sondigheid van die mens met die ongeregtheid van hul tong. Die woorde wat uit hul mond voortkom, stink soos 'n graf en byt soos 'n giftige adder. hulle lieg en bedrieg, skinder, vloek en voer verbitterde woordstryd. Dit alles toon wat daar in die hart van die mens skuil. Juis hul woorde bewys hul geestelike en morele verdorwenheid (Matteus 12:33-37; 15:18-19)!

Om nie-Christene te veroordeel bly 'n sonde (Matteus 7:1-2; 1 Korintiërs 5:12-13). Maar om Christene te oordeel as hulle 'n sonde begaan, is nie 'n sonde nie (Lukas 17:3-4; 1 Korintiërs 5:1-13; 1 Timoteüs 5:20)!

(4) Die daede van mense bewys hul onregverdigheid.

Paulus haal Jesaja 59:7-8 aan. “Hulle is daarop uit om kwaad te doen, hulle aarsel nie om onskuldige bloed te vergiet nie.” Mense pleeg geweld en vernietig lewens en besittings. Hulle pleeg moord om die minste provokasie. “Oral waar hulle gaan is daar verwoesting en ondergang.” Hulle dink steeds weer nuwe redes uit om oorlog te voer, maar al hul redenasies is onregverdig! Die gevolge van oorloë is sinlose vernietiging en onvoorstelbare ellende. Van nature ken geen mens op aarde “die weg van vrede” nie. Juis die feit dat geweld en oorlog onder volke heers, bewys dat die menslike geslag geestelik en moreel verdorwe is!

(5) Die heersende goddeloosheid.

Paulus haal Psalm 36:1 aan. “Die goddelose het geen vrees vir God nie.” Die woord “vrees” beteken “ontslag, vertroue. Van nature het mense *geen ontsag* vir die God van die Bybel nie en stel hulle geen vertroue op Hom nie. Ook is nie bang vir God se oordeel nie. Hulle leef asof God nie eers bestaan nie en asof hulle nooit verantwoordelikheid teenoor God hoef af te lê nie. Dus, hierdie minagting van God bewys alleen maar dat alle mense geestelik en moreel verdorwe is. Sowel die Ou as die Nuwe Testament leer dat alle mense verdorwe is.

3:19-20

Vraag 5. Wat is die uiteindelijke gevolgtrekking van die redenasie van Paulus dat sowel heidene as Jode voor God veroordeel staan?

Aantekeninge.

(1) Die verskillende betekenis van die woord “wet”.

Paulus leer dat die geregtigheid van God sonder die wet tot stand kom, maar dat die wet nietemin getuig van die geregtigheid van God. Dit is 'n voorbeeld van hoe gemaklik Paulus van één betekenis van “die wet” na 'n ander betekenis van “die wet” oorstap. Die brief aan die Romeine is moeilik om te verstaan sonder 'n duidelike onderskeid te maak tussen die verskillende betekenis van die woord “wet” in die brief. In één opsig spreek die wet oor die teenoorgestelde van die geregtigheid van God (die wette in God se wetboek) en in 'n ander opsig spreek die wet oor die

geregtigheid van God (d.w.s., God se regseis). Alleen die konteks bepaal noukeurig die presiese betekenis van die woord “wet”.

“Alles wat die wet (die wetboek van Moses, die Tora, die Ou Testament) (Romeine 3:19a) sê, sê hy vir die wat onder (letterlik: “in, ingeslote”, Grieks: en) die wet (God se regseis, God se heilige en regverdige vereiste) (Romeine 3:19b) is, sodat elke mond toegestop word (ANV: niemand hom dus kan verweer nie) en die hele wêreld doemwaardig (ANV: strafwaardig) voor God is.” Paulus spreek oor mense wat “ingesluit word in” (Grieks: en) die wet (Romeine 3:12,19) (d.w.s., ingesluit word in God se eis dat alle mense regverdig behoort te wees) en nie oor mense wat “onder” (Grieks: hupo) die wet is nie (Romeine 6:14) (d.w.s., mense wat probeer om deur die hou van die morele-, seremoniële- en burgerlike wette van God geregverdig te word).

(2) Niemand staan buite God se wet nie en daarom ook nie buite God se oordeel en verdoemenis nie.

Paulus baseer sy stelling op drie redenasies:

- Die goddeloosheid en ongeregtigheid van die heidene (wat hy in Romeine 1:18-32 beskryf)
- Die wetteloosheid, ontrou, ongeregtigheid en valsheid van die Jode (wat hy in Romeine 2:21 tot 3:8 beskryf)
- Die getuienis van die Bybel (wat hy in Romeine 3:10-18 aanhaal)

Alle mense in die wêreld in aan God se regseis (God se regverdige vereiste) onderworpe: naamlik, dat alle mense 100% heilig en regverdig voor God moet wees en dat alle sondes van die mense 100% veroordeel en gestraf moet wees. God se “wet” in hierdie betekenis (God se regseis) het betrekking op alle mense in alle volke, op alle kulture en altyd.

God se regseis (regverdige vereiste) is die volgende: Omdat God 100% heilig en regverdig is, eis Hy dat alle (100%) sondes van mense gestraf moet word en dat absoluut alle (100%) mense geregverdig en geheilig moet wees voordat God hulle kan en sal aanneem. Ten einde deur God aangeneem te word, moet mense ’n nuwe staat (posisie) hê (d.w.s., regverdig en heilig in God se oë wees) en ook ’n nuwe lewensstyl (d.w.s. regverdig en heilig lewe) hê. Mense moet vergewe wees en in staat wees om die nuwe lewe te lewe! Mense moet voldoen aan God se regseis (regverdige vereiste), ongeag of hulle heidene is wat alleen die algemene openbaring van God besit (Romeine 1:19-20; 2:14-15), of dat hulle Jode is wat ook die besondere openbaring van God ontvang het (Romeine 2:18)! Mense wat buite God se besondere openbaring val (oorspronklik die heidene) is nie buite God se regseis (regverdige vereiste) nie. Daarom is hulle ook nie buite God se oordeel en veroordeling (verdoemenis) waarvan die Ou Testament al spreek. God se “wet” of “regseis” (regverdige vereiste) met betrekking tot God se oordeel (en straf) enersyds en God se verlossing (regverdiging en heiliging) andersyds bestaan uit God se verbodsbepalinge en gebooie in die Bybel (die Tien Gebooie en ander morele bevels) (Romeine 2:15; 3:20,21a).

Omdat dit duidelik is dat geen enkel mens in die wêreld met betrekking tot God se regseis (regverdige vereistes) in sy wet kwalifiseer nie, is dit ook duidelik dat alle mense onder God se regverdige oordeel staan! Geen mens kan sy mond oopmaak en ’n redenasie uitdink hoekom God hom sou moet regverdig en hom in die Paradys (die hemel) sou moet opneem nie! Geen mens kan sy eie ongeregtigheid goedgepraat nie.

(3) Niemand kan die wet volmaak hou nie en daarom sal niemand deur die hou van die wet geregverdig word nie.

Elke mond in die menslike geskiedenis word gesnoer, omdat (en nie: “daarom” nie) “niemand (letterlik: geen vlees) voor God geregverdig sal word uit die werke van die wet (die morele, seremoniële en burgerlike wette) nie (Romeine 3:20a)”! Die toekomstige tyd lê die nadruk op die feit dat dit absoluut seker is dat elke mens in die wêreld aan God rekenskap sal moet gee oor sy verhouding tot die God van die Bybel en oor sy lewe en werke (dade). Niemand in die wêreld sal deur sy eie inspanning of eie religieuse werke van die wet geregverdig word nie. Selfs al hou hy ’n aantal wette, dan nog hou hy nooit alle wette nie! God vereis 100% volledigheid en 100% volmaaktheid (Galasiërs 3:10)! Om deur God regverdig verklaar te word deur die onderhouding van die wet (die morele en geestelike wette in die Bybel), sou ’n mens nooit één enkel sonde of oortreding moet begaan nie (Jakobus 2:10). Hy moet volmaak geleef het (Jesaja 64:6)! Dit is duidelik dat geen mens in die wêreldgeskiedenis vir God geregverdig sal word deur sy religieuse werke van die wet nie!

Romeine 3:19b sê dat “die wet” as ’n regter funksioneer. Hy snoer elke mond wat teen die God van die Bybel redeneer. Hy maak mense verantwoordelik om rekenskap af te lê aan die God van die Bybel.

Romeine 3:20b sý dat “die wet” as ’n spieël funksioneer. Hy wys aan mense hoe die God van die Bybel na hulle kyk. Hy wys mense hoe sondig hulle eintlik is. Hy maak hulle bewus dat hulle verdorwe is.

En Romeine 3:21a sê dat “die wet” nie as ’n verlosser kan funksioneer nie. Hy wys geen weg hoe mense in God se oë regverdig sou kon word nie en kan dit ook nie doen nie.

Die geregtigheid wat gelowiges in Jesus Christus wel *kan en sal* regverdig is ’n geregtigheid wat heeltemal los staan van die onderhouding van die wet (die geestelike en morele wette in die Bybel).

Paulus kom tot die slotsom dat die doel van die wet nooit was om mense te regverdig of te verlos nie, maar eerder om God se regseis (regverdige vereiste) ten aansien van mense te openbaar: hoe mense aan Hom sou kon behoort, hoe mense tot Hom sou kon nader en hoe mense Hom sou kon dien. “Die wet” maak ’n mens bewus wat sonde is en dat die mens sondig is (d.w.s., dat die mens God se doel met sy lewe mis), dat ’n mens van God geskei is, selfvoldaan, selfgerig

en onafhanklik is! Omdat geen mens in die wêreld aan God se regseis (regverdige vereiste) voldoen of kan voldoen nie, dryf hierdie “wette” mense tot wanhoop (oor hulself), maar dryf hulle ook tot Jesus Christus wat alleen ’n mens kan regverdig (red, verlos) (Galasiërs 3:21-25).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 3:1-20.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 3:1-20.

- 3:1. My religieuse voordele kan my nie voor God regverdig maak nie en my religieuse nadele kan nooit my verlossing wegneem nie. Alleen die God van die Bybel kan my uit genade deur geloof regverdig.
- 3:2. Om ’n Bybel te besit, is ’n groot voordeel! Lees en bestudeer die Bybel!
- 3:3. God sal trou bly ook al is ek ontrou (2 Timoteüs 2:13). Hierdie Bybelgedeelte sê nie dat God trou bly ook al is ek ontrou nie. Maar dat God trou bly aan sy beloftes met betrekking tot verlossing *en dat Hy trou bly aan sy dreigemente met betrekking tot die oordeel!* As ek ontrou word, sal Hy trou aan sy dreigement bly en my ontrou aan Hom veroordeel! Wees dus nes God: trou aan jou belofte om in Hom te glo en Hom te gehoorsaam!
- 3:4. God spreek altyd die waarheid (Numeri 23:19). Vertrou dus altyd op God se Woorde in die Bybel!
- 3:5-8. Wees op jou hoede vir valse redenasies.
- 3:9. Beskou nooit jou eie ras, kultuur, taal of geskiedenis beter as die van ander nie (Galasiërs 3:28)
- 3:10-12. Wees oortuig van die feit dat alle mense volgens God se volmaakte standaard geestelik en moreel verdorwe is.
- 3:13-14. Wees op jou hoede vir die woorde wat uit jou mond kom (Psalm 141:3; Matteus 12:36; 15:18-20).
- 3:15-17. Raak nooit betrokke by menslike rusies en oorloë nie (Jakobus 4:1-2).
- 3:18. Keer altyd terug na ’n persoonlike en vertroulike verhouding met die God van die Bybel.
- 3:19. Probeer nie om jouself voor God te regverdig nie.
- 3:20. Gebruik die onderwysing en morele wette in die Bybel as ’n spieël om te sien hoe God na jou kyk.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 3:1-20.

Laat ons die verkeerde doen sodat die goeie daaruit kan voortkom” (Romeine 3:8) is immoreel en ’n valse leerstelling! As leraar wil ek daarvoor sorg wat my onderrig nooit gebaseer is op so ’n immoreel redenering nie, maar dat ek die Woord van die waarheid altyd reg sny (2 Timoteüs 2:15).

Ek wil Bybelverse bly gebruik om aan te toon dat alle mense van nature verdorwe is. Selfs mense wat in die oë van ander mense “goed” is, het die geregtigheid van God nodig.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 3:1-20.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

**[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

**[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 3:1-20 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.

3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **2 Samuël 2, 5, 6 en 7**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserig. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(5) Romeine 3:28**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die skat in die saailand”** in Matteüs 13:44 en **die gelykenis van “die baie waardevolle pèrel”** in Matteüs 13:45-46 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserig, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.